**31 Maart**

**Skrifgedeelte: Handelinge 10:1-20**
**Fokusgedeelte: Handelinge 10:20**

## Menslike vooroordele en God se Woord

Vir die mense in die tyd van Petrus was dit nogal ’n groot saak toe hy vir Kornelius en sy huisgesin in die Naam van Jesus gedoop het. ’n Groot ontnugtering dat hulle leier die evangelie in die huis van ’n nie-Jood gaan verkondig het. Hulle het immers gedink dat God se genade net vir Israel bedoel was.

Ons moet ook nie dink dat Petrus ’n rebel was nie. Vir homself was die bekering van Kornelius en sy huisgesin ’n saak van verwarring gewees. Hy het nie geweet hoe omdit te hanteer nie. Die Here moes hom deur ’n droom voorberei om te besef dat die menslike skeiding van Jood en nie-Jood nie binne die koninkryk van God geld nie.

Petrus en die gelowiges van sy tyd wat, soos ons hieruit kan sien, met hulle eie vraagstukke geworstel het, moes ook leer dat dit in die koninkryk van God alleen oor iemand se verhouding tot Jesus Christus gaan.

Al die ander dinge wat vir ons as mense so swaar weeg, dra geen waarde as dit kom by ons bekering nie. Dinge wat vir ons as mense lyk na belangrike goed vir jou geluk in die lewe, soos in die geval van Petrus en Kornelius waar herkoms ’n belangrike rol gespeel het, is nie vir God belangrik nie.

Maak nie saak wie ek is nie, weer in Petrus hulle se geval Jood of nie-Jood, in ons eie geval ryk of arm, geleerd of ongeleerd, klein of groot, God self sal sorg dat sy Woord kom waar Hy dit wil hê, selfs al moet dit verby die grense van menslike vooroordeel kom.

*Sing: Psalm 98:1 (1936)*

*Ds. MJ (Thys) Erasmus (Nelspruit)*